

Publication: Burger, Die (Wes-Kaap) (KommentaarenOntleding)
Publication Date: 06 Nov 2018
Page: 10

AVE: 25526.57
Circulation: 47400
Part: 1 of 1

■ Gaan kyk elke dag na " 'n Goue Oue uit Fred se pen" by www.dieburger.com.

# Integriteit bly die ANC ontwyk

**Vlugskrif**

Amanda Gouws



Ek het hierdie week baie oor integriteit nagedink. Integriteit beteken om eerlik te wees en besluite volgens morele beginsels te neem en nie daarvan af te wyk nie.

Dit beteken om die regte ding te doen, al is niemand daarvan bewus nie.

Integriteit stel dus hoë eise aan ons en in 'n sekere mate hoër eise aan politici omdat hulle openbare figure is wat verantwoordbaar gehou kan word.

Politieke gebeure die afgelope week het weer eens gewys hoe integriteit dikwels ondergeskik gestel word aan politiek.

Die ANC het 'n integriteitskommissie waarvan die mandaat is om seker te maak dat ANC-politici met integriteit optree.

As dit nodig is om 'n integriteitskommissie aan te stel is dit al klaar 'n teken dat die politici se optrede gepolisieer moet word. Dit het staatskaping vir ons duidelik gemaak.

Ons het verlede week uitgevind dat Malusi Gigaba onder eed gelieg het en dat hy staatskaping gefasiliteer het. En toe is daar die "seksvideo".

Ek voel sterk dat mense se reg tot privaatheid nie geskend mag word nie, maar Gigaba se persoonlike lewe was nog altyd morsig. Wie gaan glo dat die video vir sy vrou bedoel was?

Gigaba blameer almal behalwe homself. Daarenteen het Nhlanhla Nene onmiddellik bedank toe dit geblyk het dat hy oneerlik was oor sy ontmoetings met die Guptas. Dit is integriteit.

Die integriteitskommissie se werk word gekortwiek omdat dit die goedkeuring van die uitvoerende komitee van die ANC benodig vir optrede.

Sonder goedkeuring kan die kommissie nie na behore met oortreders afreken nie, veral nie voor die volgende verkiesing nie.

In die VBS-skandaal is dit Florence Radzilani, die provinsiale ondervoorsitter van die ANC wat haar self verryk het, wat weier om op haar swaard te val. So ook die tesourier, Danny Msiza, wat genoem word in die verslag oor die onreëlmatighede by die bank. Hulle beskuldig die ANC van faksionalisme.

ANC-takke in Limpopo wat Radzilani en Msiza ondersteun, is bereid om hul geveg tot by Luthuli-huis te neem.

In Gauteng weier Qedani Mahlangu en Brian Hlongwa, wat op die provinsiale uitvoerende komitee van die ANC dien, om te bedank. Beide van hulle was verantwoordelik vir die Life Esidimeni-tragedie en Mahlangu is reeds in 'n hof skuldig bevind.

Hul ondersteuners redeneer dat die bevindinge van die integriteitskommissie nie bindend is nie.

Die feit dat Gigaba, Radzilani en Mahlangu nog nie afgedank is nie wys dat die ANC se uitvoerende komitee verdeeld is en dat politiek gebruik word om immorele gedrag oor te sien.

Dit bind pres. Cyril Ramaphosa se hande tot ná die verkiesing. Hy kan nie bekostig om te veel mense te vervreem sodat die faksiegevegte in die ANC groter raak nie, of dat die ANC te veel steun in die 2019-verkesing verloor nie.

Sekere peilings dui alreeds aan dat ANC-steun onder 50% is. Al hierdie berekeninge bevoordeel diegene met 'n gebrek aan integriteit. Vir baie van hulle is daar geen heenkome buite die politiek nie, wat beteken hulle sal aan poste vasklou.

Gigaba het presidensiële ambisies gehad. Dit het hy nou self beduiwel deur by staatskaping betrokke te raak.

Seksskandale was al die val van menige politici, maar baie mans oorleef dit weens die idee van "boys will be boys".

Maar dit maak diegene soos Gigaba maklike teikens vir afpersers.

Dit is dus verblydend dat Ramaphosa vir Tom Moyane afgedank het ondanks die risiko's daaraan verbonde.

■ **Prof. Gouws is hoogleraar in politieke wetenskap aan die Universiteit Stellenbosch.**

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.